
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

Province of the EASTERN CAPE EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

# GRAAD 12

# SEPTEMBER 2025

# VERBRUIKERSTUDIES

**PUNTE:** **200**

**TYD:** **3 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye.

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit SES vrae:

| VRAAG | INHOUD | PUNTE | TYD (minute) |
|---|---|---|---|
| **AFDELING A (Kortvrae)** | | | |
| 1 | Kortvrae (ALLE onderwerpe) | 40 | 20 |
| **AFDELING B (Langvrae)** | | | |
| 2 | Die Verbruiker | 40 | 40 |
| 3 | Voedsel en Voeding | 40 | 40 |
| 4 | Kleding | 20 | 20 |
| 5 | Behuising | 20 | 20 |
| 6 | Entrepreneurskap | 40 | 40 |
| | **TOTAAL:** | **200** | **180** |

2. Al die vrae is VERPLIGTEND.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.

5. Jy mag 'n sakrekenaar gebruik.

6. Skryf slegs met swart of blou ink.

7. Gee aandag aan spelling en sinskonstruksie.

8. Skryf netjies en leesbaar.


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## AFDELING A: KORTVRAE

### VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.18) in die ANTWOORDBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.19 D.

1.1.1 John het ŉ klub begin waar elke lid maandeliks R1 000 tot ŉ gemeenskaplike fonds bydra en hulle geld op ŉ rotasie basis ontvang:

A Piramiede skema
B Swendelary
C Stokvel
D Multivlakbemarking (1)

1.1.2 Die Verbruikersprysindeks (VPI) word gebruik om die …

A impak van prysverhogings op die armes te bepaal.
B prys van basiese voedselitems te bepaal.
C amptelike inflasiekoers te bereken.
D bank se inflasiekoers vas te stel. (1)

1.1.3 Die rentekoers waarteen kommersiële banke geld by die Suid-Afrikaanse Reserwe Bank kan leen:

A Rentekoers
B Inflasiekoers
C Verbruikersprysindeks
D Repokoers (1)

1.1.4 Volgens die … mag ŉ verbruiker aankope gemaak as gevolg van direkte bemarking, binne vyf werksdae kanselleer.

A Verbruikersforum
B Wet op Verbruikersbeskerming
C Kompetisiekommisie Wet
D Nasionale Kredietwet (1)

1.1.5 Die gebruik van antioksidante as ŉ additief/bymiddel voorkom …

A allergiëe en skeiding.
B verkleuring en galsterigheid.
C galsterigheid en allergieë.
D skeiding en verkleuring. (1)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

1.1.6 Beveel die maaltyd aan wat die mees geskikte vir ŉ persoon met hoë bloedcholesterolvlakke sal wees:

A Thai hoenderkerrie, met klappermelk voorberei en bedien met noedels.
B Geroosterde hoender bedien met pampoenkoekies.
C Hoender en lensiebredie bedien op bruin rys.
D Romerige hoenderpasta bedien saam met ŉ slaai. (1)


1.1.7 ŉ Bakteriële infeksie wat nie voedseloordraagbaar is nie, maar lugoordraagbaar is:

A Disenterie
B Tuberkulose
C Gastro-enteritis
D Hepatitis A (1)

1.1.8 ŉ Aanduiding dat mode aan die toeneem is as:

A Massa produksie van die items plaasvind
B Die items in kettingwinkels word te koop aangebied
C Dit is in die meeste winkels beskikbaar
D Mode tydskrifte dit adverteer (1)

1.1.9 Die broek wat die illusie skep dat die persoon se bene kort is:




A Broek **A**
B Broek **B**
C Broek **C**
D Broek **D** (1)


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

1.1.10 Hierdie prentjie verteenwoordig:




A Vintage styl / klere
B Modegier
C Styl
D Retrospektiewe mode (1)

1.1.11 Kies die stellings, vanuit die lys hieronder, wat ŉ uitrusting geskik maak vir ŉ werksonderhoud. Dra klere wat ...

1 jou laat uitstaan.
2 jou persoonlikheid weerspieël.
3 slegs uit basiese kleure bestaan.
4 jou liggaam ontbloot.
5 ŉ positiewe beeld vir die maatskappy sal skep.
6 netjies en kreukelvry is.

A 2, 3 en 4
B 3, 5 en 6
C 1, 4 en 5
D 1, 3 en 6 (2)

1.1.12 Rangskik die dokumente betrokke in die koop van ŉ huis in die korrekte volgorde:

1 Koopakte
2 Koopaanbod
3 Titelakte
4 Transportakte

A 1, 2, 3, 4
B 2, 1 ,4, 3
C 2, 1, 3, 4
D 4, 2, 1, 3 (2)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

1.1.13 Die heffing wat deur deeltiteleienaars betaal word, word gebruik om ... te betaal.

A verbandpaaiemente
B huishoudelike versekering
C erfbelasting
D oordragkostes (1)

1.1.14 Kies die apparaat wat ŉ lae impak op die omgewing sal hê:

A ŉ Dubbelbalie wasmasjien is goedkoper en lei bespaar jou geld.
B Sillindriese stofsuiers neem minder bergingsruimte in beslag.
C Regop stofsuiers het ŉ outomatiese koordterugwenner.
D ŉ Skottelgoedwasser met ŉ halwe waslading opsie bespaar water. (1)

1.1.15 … is ŉ vorm van sekuriteit vir die terugbetaling van ŉ lening.

A Kollateraal
B Verbandakte
C Verband
D Subsidie (1)

1.1.16 Die spesifieke groep mense op wie ŉ onderneming sy bemarkingsveldtog toespits:

A Kliënt
B Voorheen benadeeldes
C Verskaffers
D Teikenmark (1)

1.1.17 ŉ Voorbeeld van goeie kliënteverhoudinge:

A Om klagtes van kliënte liefs later as vroeër aan te spreek.
B Gebruik die terugvoer om jou diens te verbeter.
C Bel kliënte terug wanneer jy nie besig is nie.
D Versoek die winkelassistent om vriendelik te wees. (1)

1.1.18 Beplanning van die produksieproses is belangrik om …

A die produksieproses te versnel.
B mededinging onder werkers aan te moedig.
C bergingstoestande van produkte te verbeter.
D kommunikasie met kliënte te verbeter (1)

**[20]**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

1.2 Kies die beskrywing in KOLOM B wat by die tipe belasting in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–H) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.2.6 H.

| KOLOM A<br>TIPE BELASTING | KOLOM B<br>BESKRYWING |
|---|---|
| 1.2.1 Omgewingsheffing | A jaarlikse belasting gehef vir die instandhouding van paaie |
| 1.2.2 Boedelbelasting | B sluit ʼn heffing betaalbaar aan die Padongelukfonds, in |
| 1.2.3 Brandstofheffing | C word by die verkoopprys van gespesifiseerde goedere en dienste gevoeg |
| 1.2.4 Voorlopige belasting | D gehef op die opwekking van elektrisiteit deur steenkool |
| 1.2.5 Belasting op toegevoegde waarde | E gehef wanneer eiendom gekoop word |
| | F betaalbaar op eiendom na ʼn persoon se afsterwe |
| | G belasting gebaseer op ongereelde inkomste |
| | H belasting gehef om toerisme te befonds |

(5 x 1) (5)

1.3 Kies VYF verantwoordelikhede van huurders uit die lys hieronder. Skryf slegs die letters (A–J) langs die vraagnommer (1.3) in die ANTWOORDEBOEK neer.

A Moet verbeteringe aan die eiendom aanbring
B Moet die eienaar skriftelik in kennis stel van die voorneme om uit te trek
C Moet die eiendom skoon hou
D Onderhoud van die eiendom
E Moet enige skade wat deur die huurder aangerig is, herstel
F Betaling van maandelikse verbandbetalings
G Moet maandeliks huur betaal
H Die betaling van maandelikse dienskostes
I Betaling van erfbelasting maandeliks
J Die aanplant van nuwe bome in die tuin (Enige 5 x 1) (5)


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS



1.4 Identifiseer VIER stellings vanuit die lys hieronder wat die doel van voorraadbeheer in ŉ besigheid toon. Skryf slegs die letters (A–H) langs die vraagnommer (1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

A Toekenning van te veel tyd vir produksie
B Om tred te hou met die verkoopprys van produkte
C Verseker dat die korrekte materiaal aangekoop word
D Om aaneenlopende produksie te verseker
E Om vermorsing van materiale te verhoed
F Handhawing van werkers se vaardighede
G Handhawing van kliënteverhoudinge
H Voorkoming van onnodige uitgawes (Enige 4 x 1) (4)

1.5 Gee EEN woord/term vir elk van die beskrywings hieronder. Skryf slegs die woord/term langs die vraagnommers (1.5.1 tot 1.5.6) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.5.1 Die uitvoer van onbillike praktyke teenoor verbruikers

1.5.2 Deelnemers word betaling belowe vir die werwing van lede sonder dat ŉ produk verkoop word

1.5.3 ŉ Geskrewe beskrywing van ŉ produk of diens

1.5.4 ŉ Persoon word gevrywaar van aanspreeklikheid in ŉ kontrak

1.5.5 ŉ Punt waar nog wins nog verlies getoon word

1.5.6 ŉ Ooreenkoms tussen twee of meer persone waarin een persoon ŉ aanbod maak om iets te doen en die ander persoon die aanbod aanvaar (6 x 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 40**


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## AFDELING B: DIE VERBRUIKER

### VRAAG 2

2.1 Noem TWEE vorme van hernubare energie. (2)

2.2 Omskryf die betekenis van *uitvissing*. (3)

2.3 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| **TAKSMAN UIT OP SHEIN EN TEMU** |
|---|
| SAID het 'n belangrike belasting van 45% plus BTW gehef op alle kleding vanaf 1 Julie 2024 in 'n poging om die wanbalans tussen platforms soos Temu en plaaslike handelaars aan te spreek. Dit het gevolg na vele e-handelaars beweer het dat maatskappye soos Shein en Temu belasting ontduik en Suid-Afrikaanse handelaars ondermyn het. |
| [Aangepas uit Taxman%/20coming%/20 for %/20and%20/Shein.html] |

2.3.1 Skryf die akroniem SAID voluit. (1)

2.3.2 Identifiseer die belangrike belasting waarna daar verwys word in die uittreksel. (1)

2.3.3 Illustreer waarom die klere wat van Shein en Temu gekoop word, nie as parallelle goedere geklassifiseer word nie. (2)

2.3.4 Skryf 'n paragraaf waarin jy duidelik verwys na die redes waarom SAID 'n hoër belasting op die produkte ingestel het wat deur Shein en Temu in Suid-Afrika verkoop word. (4)

2.4 Ons regering beplan om 'n NHI (Nasionale Gesondheidsversekering) te implementeer. Om dit te kan implementeer word addisionele fondse benodig. Een van die voorstelle is om die persentasie BTW wat op goedere en dienste gehef word, te verhoog.

Demonstreer hoe 'n verhoging in BTW voedselpryse en die besteebare inkomste van Suid-Afrikaner beïnvloed. (4)

2.5 Stel voor hoe water meer effektief gebruik kan word deur na die volgende te verwys:

2.5.1 Tuinmaak (3)

2.5.2 Persoonlike versorging (3)


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

2.6 Lees die gevallestudie hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> Herbalife is ŉ maatskappy wat voedings-, gewigsbestuur en welstandsprodukte deur onafhanklike verspreiders verkoop. Hierdie verspreiders koop produkte direk van die maatskappy teen ŉ afslagprys en verkoop dit teen ŉ wins. Hulle kan ook ander persone werf om as verspreiders aan te sluit en verdien kommissie uit die verkope van hul werwers.
>
> [Eksaminator se eie teks]

2.6.1 Identifiseer die skema hierbo. (1)

2.6.2 Gee TWEE redes vir die antwoord in VRAAG 2.6.1. (2)

2.7 Bespreek die voordele van ŉ twee-jaar waarborg op goedere en dienste. (4)

2.8 Verduidelik die verskil tussen *enkelvoudige-* en *saamgestelde rente*. (4)

2.9 Bespreek wat munisipaliteite kan doen om te verseker dat hulle toerisme in hul area verhoog. (6)

**[40]**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## VRAAG 3: VOEDSEL EN VOEDING

3.1 Definieer die volgende terme:

3.1.1 *Voedseladditiewe/Voedselbymiddels* (2)

3.1.2 *Voedselsekuriteit* (3)

3.2 Voedseletikette verskaf inligting, beskerm verbruikers en help hulle om goeie voedselkeuses te maak wat tot die handhawing van ŉ gesonde dieet bydra.

Noem die inligting op ŉ voedseletiket wat hierdie doel moontlik sal maak. (5)

3.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> Green Harvest Market is ŉ plaaslike winkel wat spesialiseer in die verkoop van organiese voedselprodukte wat vanaf volhoubare plase verkry word. Die winkel bied ŉ wye verskeidenheid vars vrugte, groente, graan- en suiwelprodukte aan; almal organies gesertifiseerd en vry van sintetiese plaagdoders of bymiddels. Klante kom dikwels weekliks in om kruideniersware aan te koop en gebruik te maak van seisoenale aanbiedinge ten spyte van die feit dat die pryse van hierdie organiese produkte aansienlik hoër is as die prys van massa geproduseerde produkte.
>
> [Eksaminator se eie teks]

3.3.1 Noem SES redes waarom jy steeds organiese produkte bo massageproduseerde produkte sal verkies. (6)

3.4 Beantwoord die vrae hieronder met verwysing na anemie.

3.4.1 Gee DRIE dieetriglyne wat spesifiek in die voorkoming en bestuur van ystertekort anemie kan help.

3.4.2 Verskaf ŉ goeie rede vir elke aanbeveling in VRAAG 3.4.1 genoem.

Tabuleer jou antwoord as volg.

| 3.4.1 | **Dieetriglyne om ystertekort anemie te verhoed** | 3.4.2 | **Redes** |
|---|---|---|---|
| | (3) | | (3) |

(6)

3.5 Beantwoord die vrae hieronder met betrekking tot voedseloordraagbare siektes.

3.5.1 Noem die voedseloordraagbare siekte wat ook as maaggriep bekend staan. (1)

3.5.2 Verduidelik die oordragsmoontlikhede vir die voedseloordraagbare siekte hierbo. (4)

3.6 Skryf ŉ paragraaf waarin jy verduidelik hoe cholesterol tot koronêre hartsiektes lei. (4)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

3.7 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| |
|---|
| Thabo is ŉ 36-jarige enkellopende man wat nie gereeld kos maak nie, en op ŉ gereelde basis, gemorskos eet. Hy voeg altyd ekstra sout by sy kos. |

3.7.1 Verduidelik die konsep *bloeddruk.* (2)

3.7.2 Gee ŉ kort verduideliking vir die oorsaak van hipertensie. (2)

3.7.3 Verduidelik hoe Thabo die inname van sout in sy diet kan verminder om hipertensie te voorkom. (5)

**[40]**


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## VRAAG 4: KLEDING

4.1 Verduidelik die term *mode.* (2)

4.2 Die kleding items hieronder word as klassieke style geklassifiseer.





4.2.1 Noem DRIE voordele van klassieke style. (3)

4.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> Tina het ŉ baie mooi rok op televisie vir R799,00 gesien. ŉ Paar maande later sien sy dieselfde rok in Truworths vir R599,00. Die laaste keer wat sy dit gesien het, was die rok 50% afgemerk en te koop aangebied teen R299,00.
>
> [Eksaminator se eie teks]

Beskryf die stadiums in die mode-siklus van die rok toe dit te koop aangebied is teen:

4.3.1 R599,00 (2)

4.3.2 R299,00 (2)

4.4 Oor die verloop van tyd, vervang die nuwe, die oue. Mense word deur verskeie faktore beïnvloed om die verandering in mode te ondergaan.

Beskryf hoe die faktore hieronder tot die stelling hierbo bydra.

4.4.1 Ekonomiese faktore (4)

4.4.2 Tegnologiese faktore (3)

4.5 Skryf ŉ kort paragraaf en verduidelik hoe aankope by tweedehandse klerewinkels of aanlyntoeps soos Yaga, tot die volhoubaarheid van die omgewing kan bydra. (4)

**[20]**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**VRAAG 5: BEHUISING EN INTERIEUR**

5.1 Gee die doel van die Nasionale Huisbouersregistrasieraad (NHBRR). (2)

5.2 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**Gesin A**
John en Sarah het hulle woonstel verkoop. Terwyl hul uitkyk vir ŉ huis wat aan hul behoeftes sal voldoen, huur hulle ŉ huis in die dorp waar John werksaam is.

**Gesin B**
Aphane en Zizi besit ŉ huis in ŉ behuisingskompleks naby waar hul familie woon. Hulle het ŉ verband met ŉ vaste rentekoers uitgeneem.

**Gesin C**
Bobby en Jenny bou ŉ tweede woning op hul erf vir hulle ouers om in te woon. Hul het ŉ verband met ŉ veranderlike rentekoers uitgeneem.

5.2.1 Identifiseer die tipe behuisingsopsie wat elke gesin tans gebruik. (3)

5.2.2 Gesin **C** is die wettige eienaar van die hele eiendom maar gesin **B** besit slegs ŉ gedeelte van die eiendom. Verduidelik waarom? (4)

5.2.3 Bespreek die moontlike gevolge wat al drie die huiseienaars hierbo in die gesig staar indien hul nie hul finansiële verantwoordelikheid nakom nie. (5)

5.3 Bestudeer die advertensie hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



**ADVERTENSIE**

**Defy 300 liter Yskas/Vrieskas**

Verstelbare waterpassing

Ontvriesings-afvloeifasiliteit

Verseëlde groentelaai

Semi-outomatiese ontvriesing

24 maande waarborg

Kontant R5 999,00

Totaal betaalbaar op afbetaalkooptransaksie: R9 800,00

5.3.1 Noem DRIE faktore wat in oorweging geneem moet word tydens die keuse van ŉ yskas/vrieskas vir ŉ familie. (3)

5.3.2 Verduidelik wat ŉ *afbetaalkooptransaksie* is en waarom dit duurder is as om kontant te betaal. (3)

**[20]**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## VRAAG 6: ENTREPRENEURSKAP

6.1 Definieer ŉ *werkplan*. (2)

6.2 Lees die gevallestudie hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**Ons verhaal**

**Oor ons**
Debonairs Pizza is een van die voorste restaurante in Afrika, welbekend vir hul verruklike pizza's. Met ons wye verskeidenheid heerlike pizza's, oorvloedige vulsels en ongelooflike pizza-aanbiedings het ons beslis ŉ plaaslike gunsteling geword. Ons streef voortdurend daarna om innoverend en kreatief te wees in wat ons aan ons kliënte bied. Ons is daartoe verbind om ongelooflike pizza's aan ons kliënte te verskaf. Ons bied ŉ uitsonderlike ervaring wat strek van uitstekende kliëntediens tot by die lewering van top gehalte pizza. Ons vind trots in die aflewering van warm, vars pizza, ongeag.

**Hoe dit als begin het**
Debonairs Pizza is in 1991 deur Craig MacKenzie en Andrew Harvey twee universiteitsstudente wat aan die Universiteit van Kwa-Zulu Natal in Pietermaritzburg, Suid-Afrika studeer het gestig. Craig het met die besigheidsidee en sakeplan vorendag gekom nadat hy besoek afgelê het aan Los Angeles, tydens ŉ "gap"-jaar, waar hy leer pizza maak het. Met sy terugkeer na Suid- Afrika, het Craig saam met Andrew gespan om ŉ kleinskaalse onderneming te begin. Hulle het twee ongeskoolde werkers in diens geneem en plaaslike bestanddele by omliggende plase in die omgewing bestel vir hulle pizza. Hulle het ure in Andrew se woonstel spandeer om resepte uit te toets en hulle het op kampus rondgegaan en monsters van die produkte aan mede-studente aangebied en hul ingelig oor die besigheid. Uiteindelik het hul besigheid só suksesvol geraak, dat dit oorgekoop is deur die hoogs suksesvolle Steers Group.

[Bron:*www.debonairspizza.co.zahttps://en.wikipedia.org.za*]

6.2.1 Noem VIER vereistes van hoë gehalte verpakking vir pizza's. (4)

6.2.2 Noem VIER verskillende prysbepalingstrategieë wat hul besigheid kan gebruik. (4)

6.2.3 Verduidelik die voordele verbonde aan die gebruik van plaaslike bestanddele. (4)

6.2.4 Noem VIER voordele verbonde aan die voldoening van produkspesifikasies. (4)

6.2.5 Bespreek die faktore wat Craig en Andrew moet oorweeg voordat hulle op ŉ produk vir hulle kleinskaalse onderneming besluit. (3 x 2) (6)

6.2.6 Beskryf hoe die volgende Craig en Andrew se besigheid bemark:

"Word-of-mouth" advertering (2)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

6.2.7 Een medium-grootte pizza word teen R56,00 verkoop. Die produksiekoste van die pizza is R36,00.

(a) Bereken die wins wat Craig en Andrew op een pizza maak. Toon ALLE berekeninge. (3)

(b) Debonairs se totale inkomste vir verkope is R60 000 per maand. As hulle ŉ winsgrens van 60% het, bereken hoeveel wins hulle per maand maak. Toon ALLE berekeninge. (3)

6.2.8 Analiseer waarom Craig en Andrew se besigheid waarskynlik volhoubare winsgewendheid sal toon. (8)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 160**

**GROOTTOTAAL: 200**



SA EXAM PAPERS
Proudly South African